# 20 April 2024 - Lesing 293 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Ongewone hulp in die tyd van ellende – 29/6/62

**NO: 8202** Selfs die grootste ellende in die komende tyd mag julle nie laat bevrees word nie. Want in dieselfde mate as wat My teenstander sal werk in die laaste tyd voor die einde (en waarin sy aktiwiteite duidelik sal wees) **sal ook My stroom van genade julle mense toevloei**, sodat julle in staat sal wees om My teenstander te weerstaan.

Julle sal dus My besture en werke des te duideliker **ondervind** hoe nader die einde kom. Want Ek moet My op 'n besondere wyse openbaar, sodat julle nie faal en weer tot My teenstander verval nie. Hy sal vir geen lis en bedrog terugdeins nie **en sal 'n buitengewone mag ontplooi.** En daarom sal julle krag nodig hê om hom weerstand te kan bied.

Maar Ek laat julle in die tyd van nood nie sonder hulp nie en julle sal haar (Troostergees: vert) ook ondervind. En julle sal ook steeds weer hoor van die buitengewone hulp wat ander mense mag ervaar, wat in geloof tot My roep. En julle sal ook self dinge belewe wat My Liefde vir julle bewys en julle geloof sal versterk, want Ek sal Myself op 'n buitengewone wyse openbaar as julle die verbinding met My nie opgee nie, as julle steeds vol vertroue aan My sal vashou en glo, **dat Ek julle sal help uit alle ellende van die laaste tyd.**

Julle sal dan ook **My teenwoordigheid** mag belewe, waar julle liefde tot My dit toelaat. En Ek sal ook aan julle in die droom verskyn en julle troos gee en krag, as julle julleself maar innig met My besighou in gedagtes en deur gebede vanuit die hart. En wanneer julle die verhouding herstel het van 'n kind tot die Vader, dan sal julle My waarlik ook mag ervaar as 'n liefhebbende Vader. Want nie een van julle wil Ek verloor wat reeds aan My behoort deur sy wil nie, wat tot My wil behoort en **die saligheid deelagtig <u>wil</u> word**.

Julle almal het hierdie hulp nodig, want die tyd wat My teenstander nog ten dienste staan loop ten einde. En omdat hy dit weet, sal hy nog tekere gaan soos 'n rasende en probeer om julle te verdruk op elke moontlike manier. Maar Ek sal julle krag gee en julle ook beskerm teen sy aanvalle, want Ek weet dat julle wil na My toegekeer is en daarom het Ek ook die reg om hom van julle af weg te dring.

Ook die arbeiders in My wingerd sal ywerig werksaam wees, want die aktiwiteit van My teenstander sal so duidelik wees **dat hulle sal kan sien welke uur op die wêreldklok geslaan het**.

Hulle sal ook weet dat die einde naby is en dat daarmee die bedrywigheid van My teenstander ten einde sal loop, **dat hy weer gekluister sal word vir 'n lang tyd.**

Maar nog steeds raas hy maar voort en daarom is ook My buitengewone genadetoevoer nodig om weerstand te kan bied. **Alleen is julle veels te swak**, want vir My teenstander is elke middel goed om julle in die verderf te stort. Sou Ek dus nie My krag en lig daarteenoor stel nie, dan sou hy slaag.

Julle moet sonder vrees die tyd tegemoet gaan. En julle sal dit ook kan deurstaan en oorwinnaar bly, omdat Ek naas julle gaan en aan julle sy stry teen die vyand van julle siele. Daarom beloof Ek julle alle moontlike ondersteuning **so gou as wat julle aan My <u>wil</u> behoort**.

Ek sal dan steeds by julle teenwoordig wees en slegs 'n gedagte aan My sal My na julle toe roep. **Want die liefde verbind My met julle** omdat julle eens deur My Liefde voortgebring is. En hierdie Liefde sal julle ook nooit verlaat nie, maar steeds beskerm in alle nood en elke gevaar, wanneer die tyd aangebreek het wat Ek steeds verkondig het. Amein.